SA-eDUC JOURNAL Volume 4, Number1, pp.29 -39
29 November 2007

Die leemte wat deur die afwesige vader veroorsaak word by die seun in sy laat-middelkinderjare / The void left with the boy in his late middle childhood by the absent father

Meneer Johan Steytler en Professor Herman Strydom
Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe: Maatskaplike Werk,
Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus,
Herman.Strydom@ nwu.ac.za

Summary
The boy in his late middle childhood faces enormous changes – physically, socially and mentally. World-wide, people experience challenges in politics, economy and social structures such as families. Children are not excluded from these challenges. Family structures change and fathers are becoming absent in the lives of their children. This article provides information concerning the effect of the absent father on the boy in his late middle childhood. This article provides an alternative for the loss of a father and the dire need for a father figure, namely a mentor. A mentor is somebody the boy can relate to and can trust, and who guides the boy into manhood and empowers him.

Sleutelwoorde: seun, laat-middelkinderjare, afwesige vader, mentor
Keywords: boy, late middle childhood, absent father, mentor

Inleiding
Groot sosiologiese en maatskaplike veranderinge word tans wêreldwyd beleef. Suid-Afrika het in die geheel ook deel aan hierdie veranderinge, soos blyk uit gesinstrukture en wetgewing wat veral ten opsigte van gesinne verander het. Die rolle en verantwoordelikhede van die gesinslede verander en dit beïnvloed kommunikasie en vertroue in die gesin. Hierdie sosiale veranderinge, asook die normale veranderinge wat die seun in sy laat-middelkinderjare beleef, dra by tot 'n meer intense belewing van die seun se fisiese, psigiese en sosiale ontwikkeling vir verhoogde maatskaplike funksionering.

Hierdie artikel fokus op die seun in sy laat-middelkinderjare, met die klem op die ontwikkeling van die seun in daardie fase, die veranderinge in gesinsisteme en die gevolge daarvan, die afwesigheid van 'n vader, die gevolge van die vader se afwesigheid en 'n alternatief vir die afwesige vader, naamlik 'n mentor.

Navorsingsmetodologie
'n Moderne navorsingsproses word gekenmerk deur enkele basiese eienskappe. Die proses begin naamlik met 'n probleem en sluit af met 'n gevolgtrekking en is gebaseer op waarneembare feite wat *data* genoem word. Dit is logies, georden en gaan gepaard met 'n redelike hipotese. Die proses bevestig of verwerp die hipotese slegs op grond van feite. Dit sluit af met 'n gevolgtrekking wat alleenlik gegrond word op die data wat uit die ondersoek bekom is. Die gevolgtrekking verantwoord die probleem wat geïdentifiseer is (Fouché & Delport, 2005:72). Voorts word 'n literatuurstudie onderneem om die data te ondersteun of te verwerp, of nuwe insig rakende die ondersoek te verkry.

Die seun in sy laat-middelkinderjare
Die seun in die laat-middelkinderjare staan aan die einde van sy kinderjare, aan die begin van adolessensie en bereik puberteit. Freud verwys na hierdie tydperk as die *psigoseksuele latentheid* en Erikson bestempel dit as die periode van *arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid* (Meyer & Van Ede, 1998:49, 55; Papalia, Olds & Feldman, 2006:27-31; Van Niekerk, 1996:59; Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:254). Volgens Piaget se ontwikkelingsfases is die seun in sy laat-middelkinderjare aan die einde van die *konkreet-operasionele periode* en aan die begin van sy *formele operasionele denke* (Meyer & Van Ede, 1998:82; Papalia *et al.,* 2006:33; Rathus, 2005:114). Gurian omskryf hierdie lewensfase as die *ouderdom van transformasie* (Gurian, 1998:82). Die Russiese psigoloog Vygotsky wys daarop dat kinders deur sosiale interaksie met ander kinders en mense leer. Die aanleer van nuwe kognitiewe vaardighede is deel van hulle daaglikse omgang (Papalia *et al.,* 2006:39). Die kind word ondersteun en begelei deur 'n volwassene totdat hy die taak kan bemeester en word sodoende bemagtig om die uitdaging in die toekoms

self die hoof te kan bied.

Wat opvallend is by die meeste ontwikkelingsteorieë is dat die seun in sy laat-middelkinderjare by elkeen van die verskillende teorieë óf aan die einde van een fase, óf aan die begin van 'n volgende fase staan. Hierdie oorskakeling kan identiteitsverwarring veroorsaak, wat die seun in sy laat-middelkinderjare makliker beïnvloedbaar maak. Die seun beskik reeds oor bepaalde inherente lewensvaardighede, en daarom is die ontwikkeling van sy selfbewussyn ten opsigte hiervan noodsaaklik (Ward, 2004:23). Quinn (1999:103) omskryf die voorwaardes vir suksesvolle ontwikkeling vir die seun in sy laat-middelkinderjare soos volg: "Current theory suggests that young adolescents need opportunities for physical activity, development of competence and achievement, self-definition, creative expression, positive social interaction with peers and adults, a sense of structure and clear limits, and meaningful participation in authentic work."

Dit is duidelik dat die fisiese, emosionele en kognitiewe fasette van die seun tydens hierdie periode moet ontwikkel. Hierdie ontwikkeling geskied ten beste onder die leiding en met die ondersteuning van volwasse persone. In hierdie studie word na 'n seun in sy laat-middelkinderjare verwys as 'n persoon tussen die ouderdom van elf en dertien jaar. Die ontwikkelingseienskappe wat hierdie lewensfase kenmerk, is dus van toepassing.

Liggaamlike ontwikkeling

Puberteit, die ontwikkelingsfase waarin die seun hom bevind, is nie gekoppel aan 'n vaste ouderdom nie en die duur daarvan verskil van seun tot seun. Die meerderheid ontwikkelingspsigoloë is van mening dat puberteit so vroeg as op negejarige ouderdom kan begin, maar daar is ook gevalle waar dit eers so laat as op vyftien jaar kan plaasvind (Gurian, 1998:86; Papalia *et al.,* 2006:414). Seuns ontdek tydens puberteit sekere aspekte van hul liggaam wat ontwikkel, soos testikels wat testosteroonproduksie laat toeneem, pubishare laat verskyn, vinnige gewigstoename veroorsaak en die stem laer en dieper laat word (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:396). Vroeë of laat ontwikkeling het daarom 'n psigologiese uitwerking op hulle emosionele en sosiale ontwikkeling. Die maatstaf vir ontwikkeling hou vir die seun verband met die portuurgroep se norme oor liggaamlike aantreklikheid (Kotze, 2004:24). Hieruit is dit duidelik dat die seun in sy laat-middelkinderjare aanvaarding deur homself en ander wat by hom betrokke is moet ontvang vir wie hy is, ten spyte van sy liggaamlike ontwikkeling.

Motoriese ontwikkeling

Die seun in sy laat-middelkinderjare verfyn sy psigomotoriese vaardighede en leer 'n verskeidenheid nuwes aan (Louw *et al.,* 1998:329). Dit word toegeskryf aan die seun se toename in krag, koördinasie en spierbeheer. Omdat seuns motories vinniger ontwikkel as dogters (Louw *et al.,* 1998:330), beoefen hulle meer fisiese aktiwiteite soos hardloop, spring, gooi en klouter. Dit is dus verstaanbaar dat die seun in die laat-middelkinderjare van nature baie meer aktief sal wees. Saam met die motoriese ontwikkeling wat uiting kan vind in sport, raak kompetisie vir die seun belangrik. Indien die seun nie suksesvol was tydens kompetisie nie, kan hierdie hantering van verloor 'n negatiewe effek by die seun laat. Die belangrikheid van deelname aan sport is van groot waarde. Navorsing toon dat seuns wat aan buite-kurrikulêre sportsoorte deelneem, minder by bendes, misbruik van substanse en misdaad betrokke is (Gurian, 1998:54).

Kognitiewe ontwikkeling

Die seun in die laat-middelkinderjare is feitlik daagliks betrokke by die aanleer van taalvaardighede en opvoedkundige aktiwiteite (Jansen van Rensburg, 2004:24). Kotze (2004:25) verskil egter van bogenoemde bevinding en is van mening dat kognitiewe ontwikkeling minder opvallend is maar dat dit 'n groter verskeidenheid toon. Uit hierdie stellings is dit duidelik dat nuwe kennis en vaardighede verwerf word, maar dat dit nie altyd ooglopend voorkom nie. Seuns en dogters wat besig is om te groei, is aktiewe skeppers van hulle eie lewens, individueel sowel as globaal (Connell, 2005:13), en hulle begin die skeidslyne ontdek tussen fantasieë, feite en die werklikheid (Gurian, 1998:89).

Daar word dikwels verwys na 'n kind se formatiewe jare – die jare waarin die kind emosioneel gevorm word – as slegs die eerste vyf jare van sy lewe. Hierdie stelling word deur Gurian (1998:84) weerspreek, want die seun in sy laat-middelkinderjare beleef 'n tweede formatiewe lewenstydperk. Tydens die tweede formatiewe lewenstydperk verander sekere primêre eienskappe, wat fisiologiese groei,

hormoonherstrukturering en kognitiewe groei insluit (Gurian, 1998:84). In hierdie lewenstydperk begin die seun ernstig aan sy eie identiteit vorm. Dit geskied nie noodwendig slegs deur sy "eie ding" te doen nie, maar hoofsaaklik in 'n proses waardeur die seun die waardes waarvolgens hy grootgeword het, bevraagteken, opweeg en dit sy eie maak (Corey & Corey, 2007:76). Die proses behels onder meer dat die seun ander mense met wie hy in wisselwerking tree, sal respekteer en hulle maatskaplike welstand in ag sal neem.

Emosionele ontwikkeling

In Australië is narratiewe studies met seuns oor hulle persepsie van manlikheid onderneem. Die seuns het egter nie daarin belang gestel om stories oor hulleself te deel nie, maar eerder oor die persoon na wie hulle opsien (Connell, 2005:23). Sielkundige en antropologiese studies toon dat daar by seuns 'n aansienlike behoefte aan 'n vaderfiguur voorkom, en dat seuns ondersteuning van so 'n figuur moet ontvang (Havenga, 2002:76; Richter & Smith, 2006:156; Ward, 2004:51). Seuns het dus 'n emosionele behoefte aan 'n vaderfiguur of 'n mentor.

Kinders in die laat-middelkinderjare beweeg na onafhanklikheid (Thom *et al.,* 1998:388). Hierdie proses is tweeledig van aard. Eerstens veroorsaak dit inherente konflik, sodat die seun byvoorbeeld identiteitsverwarring ervaar en dat hy nie sy emosies kan verwoord nie. Tweedens veroorsaak dit eksterne konflik met ouers en sy portuurgroep weens die feit dat hy hegte vriendskappe aanknoop en begin belangstel in heteroseksuele verhoudings (Ward, 2004:42). Hulle begin verstaan hoe omstandighede gedrag kan beïnvloed, lees liggaamstaal beter en verstaan emosies soos liefde, vrees en woede (Jansen van Rensburg, 2004:24, Louw *et al.,* 1998:349).

Die hormoon testosteroon speel in elke man se lewe 'n groot rol tydens die oorgang van puberteit na adolessensie, wanneer die seun se lewe drasties verander. Gurian (1998:32-36) wys daarop dat hierdie hormoon 'n sterk invloed op die seun se emosionele groei uitoefen. Verder is dit ook as gevolg van testosteroon dat seuns fisies meer aggressief is en geneig is om spanning vinnig te ontlaai. As gevolg van 'n hoë testosteroonvlak neig seuns om meer oorheersend te wees en uitdrukking te gee aan fisiese en sosiale aggressie sonder om die gevolge daarvan in ag te neem. Testosteroonvlakke lei ook tot vertraagde emosies, wat die indruk laat van meganiese optrede. Die seun word dus direk beïnvloed deur sy testosteroonvlak en daarom is dit noodsaaklik dat hy in die laat-middelkinderjare die nodige leiding moet ontvang ten opsigte van die wyse en tyd waarop hy uiting moet gee aan die regte emosies.

Sosiale ontwikkeling

As gevolg van die talle veranderinge wat in die lewe van die seun in sy laat-middelkinderjare plaasvind, spreek dit vanself dat die seun in hierdie tydperk van sy lewe aan nuwe sosiale leerervarings blootgestel sal word (Louw *et al.,* 1998:354; Papalia *et al.,* 2006:412; Winter, 2003:37). Alhoewel hierdie seuns baie tyd saam met hul portuurgroep deurbring, bly die ouerhuis die omgewing waarbinne die seun die meeste sekuriteit beleef (Louw *et al.,* 1998:354). Die seun in sy laat-middelkinderjare is geneig om gestelde grense te toets. Wanneer hy toegelaat word om die grense te oorskry sonder enige nadelige gevolge vir hom, neig die seun om dit herhaaldelik te doen (Louw *et al.,* 1998:354). Hierdie gedrag wat die seun in sy laat-middelkinderjare toon, dui op 'n soeke na selfstandigheid, maar die ouer of persoon in wie se sorg die seun geplaas is, moet hom help om te verstaan dat hy verantwoording moet doen vir sy optrede.

Invloed van ouers

Ouers dra baie by tot die sosiale ontwikkeling van die seun in sy laat-middelkinderjare. Die interaksiepatrone wat die seun in sy ouerhuis aangeleer het, is 'n bydraende faktor ten opsigte van sy interaksiepatrone met ander mense (Corey & Corey, 2007:75). Ouers ondervind probleme daarmee om hul kinders in hierdie lewenstydperk te verstaan. Die Behaviorisme, gepaard met klassieke kondisionering van Pavlov, was die dominante psigologiese model waarbinne die ouers van die seun in sy laat-middelkinderjare grootgeword het (Larson, 2006:677; Papalia *et al.,* 2006:31).

Verskillende ouerskapstyle – soos outoritêre, gesaghebbende, permissiewe of onbetrokke ouers – dra elk op 'n bepaalde wyse by tot die sosiale ontwikkeling van die seun. Louw *et al.* (1998:356) wys daarop dat die outoritêre ouer sy seun selfs sal verwerp indien hy nie aan die hoë premie van konformiteit en gehoorsaamheid gehoor gee nie. Indien die seun in 'n huis met permissiewe ouers grootword, kan hy moontlik impulsiewe en aggressiewe gedrag openbaar, en ook 'n gebrek aan selfbeheersing toon. Seuns

uit sulke huise blyk ook minder volwasse op te tree vergeleke met hulle portuurgroep. Seuns wat in 'n huis met onbetrokke ouers grootword, kan versteurings in hulle verhoudings met ander mense openbaar en ook antisosiale gedrag toon. Seuns wat in 'n huis met gesaghebbende ouers grootword, is meer geneig tot hoër akademiese resultate, beter morele standaarde en 'n hoër onafhanklikheidsvlak (Louw *et al.,* 1998:356-366; Papalia *et al.,* 2006:477). Dit is duidelik dat ouers en ouerskapstyle 'n direkte invloed op die seun in sy laat-middelkinderjare uitoefen. Neethling, Rutherford en Schoeman (2005:208) beskryf die invloed wat die vader op die seun se hantering van sy vriende het, soos volg: "For boys to form sound relationships with friends they need a strong father figure who is warm and positive with his son!"

Invloed van gesinsamestelling

Gesinsamestelling en die posisie van die seun in die gesin het ook 'n invloed op die sosiale ontwikkeling van die seun in die laat-middelkinderjare. Stiefgesinne, egskeiding en enkelouergesinne speel 'n groot rol in die sosiale ontwikkeling van die seun (Louw *et al.,* 1998:357-363). Tydens die seun se laat-middelkinderjare is dit baie belangrik dat verhoudings in die gesin van so 'n aard moet wees dat daar vertroue by die seun geskep word om die storms wat hy in sy adolessente jare gaan beleef, te kan deurstaan (Neethling *et al.,* 2005:196).

Invloed van portuurgroep

Vriende word vir die seun in sy laat-middelkinderjare belangrik, en hy begin meer tyd aan sy vriendskappe afstaan. Hierdie vriendskappe is volgens Louw *et al.* (1998:368) sowel as Papalia *et al.* (2006:480) meer ter wille van vermaak en toegeneentheid, terwyl die verhouding met die ouer eerder op beskerming en versorging gemik is. Vanweë die belangrikheid van vriendskappe konformeer seuns in hulle laat-middelkinderjare makliker met ander mense as in hulle vroeë kinder- en adolessente jare (Thom *et al.,* 1998:457).

Die portuurgroep verskaf aan die seun verskeie geleenthede, soos kameraadskap, 'n veilige omgewing en geleentheid om nuwe gedrag te toets en te openbaar wat tuis nie toelaatbaar is nie. Die portuurgroep help ook die seun met kommunikasie en maniere om binne gestelde grense te beweeg. Vriende help verder om geslagsrolle te versterk en met die vordering na onafhanklikheid, waar emosionele bande met ouers verswak (Louw *et al.*, 1998:369; Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:286). Die beeld wat die media ten opsigte van ideale in vriendskapsverhoudings voorhou, speel 'n groot rol in die samestelling van portuurgroepe (Gurian, 1998:53). Norme en waardes wat deur die portuurgroep uitgeleef word, word in sekere gevalle gekoppel aan die afkoms van sekere geografiese streke, ekonomiese welstand, status en betrokkenheid by sekere sportsoorte. Dit kan 'n oorsaaklike faktor wees vir die feit dat seuns deur hulle portuurgroep gemarginaliseer word.

Omdat seuns in hulle laat-middelkinderjare van nature grense wil toets en maklik konformeer, raak hulle ook meer geredelik betrokke by negatiewe aktiwiteite, soos die misbruik van chemiese middele (Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:286).

Veranderinge in gesinsisteme

Tradisioneel het 'n gesin bestaan uit 'n vader, moeder en ten minste een kind, waar die vader die broodwinner en die moeder die versorger was (De Bruyn, 1989:1; Erickson, 1996:53; Gurian, 1998:36). Hierdie tradisionele gesinsvorm is egter deur verskeie samelewingsfaktore beïnvloed. Enkelouer-, saamleef-, en homoseksuele gesinne word ook in die praktyk aangetref. Volgens Tabel 1, soos deur Venter aangedui, is daar elf soorte gesinne, elk met sy eie subsisteme (Venter, 2004:63-64).

Tabel 1: Vorme van gesinsisteme

Gesinsisteem	Subsisteem
Kerngesin	Man en vrou met eie kind Man en vrou met aangenome kinders
Uitgebreide gesin	Kerngesin met grootouers wat inwoon Kerngesin met ander familielede wat inwoon Grootouers met kinders wat inwoon Grootouers met kinders se gesinne wat inwoon
Ongetroude vader met kinders	

Ongetroude man of vrou met kinders	
Hersaamgestelde gesin	Hertrou na afsterwe van 'n huweliksmaat Hertrou na 'n egskeiding sonder kinders Hertrou na 'n egskeiding met kinders
Saamwoon as gevolg van seksuele voorkeure	'n Homoseksuele man of vrou met aangenome kind 'n Homoseksuele man of vrou met kinders uit vorige heteroseksuele verhouding/s Homoseksuele verhoudings wat gebruik maak van 'n surrogaatma
Saamwoon as gevolg van verhoudings	Man en vrou woon saam, maar is nie in die huwelik bevestig nie Man en vrou woon saam met kinders, maar is nie in die huwelik bevestig nie
Kinders wat mekaar versorg weens 'n gebrek aan ouers	
Iemand wat van buite die gesin inkom en saamwoon sonder bloed- of seksuele band, maar dan saam met die gesinslede as 'n gesin funksioneer	Vriende Inwonende werkers Loseerder
Persone wat 'n bepaalde tyd lank onder een dak saamwoon, sonder dat daar enige verwantskap tussen hulle bestaan	Studente in 'n kommune Ongetroude jong werkende mense Weermag- en polisiemanne in barakke Werkers in hostelle Kinderhuis-inwoners
Persone wat as 'n gesin funksioneer, maar nie 'n dak oor hul koppe het nie	Straatkinders Nomadiese bedelaars

(Aangepas uit Venter, 2004:63-64)

Hierdie veranderinge in gesinsisteme het 'n groot invloed op die psigososiale welstand van die kind in sy laat-middelkinderjare. Daar word in hierdie artikel slegs op enkele aspekte binne die gesinsisteem gefokus.

Enkelouergesinne

Enkelouergesinne is drasties aan die toeneem (Lang & Zagorsky, 2001:255). Dit is nie noodwendig te wyte aan die afsterwe van een van die egliede of aan egskeiding nie, maar is in sekere gevalle só weens ongewenste swangerskappe, verkragting, kunsmatige inseminasie of as gevolg van 'n saamleefverhouding wat verbreek is. Egskeidings is ook aan die toeneem, en kinders word in die meeste gevalle in die sorg van die moeder geplaas. In Europa is die moeder nege uit tien gevalle die enkelouer in die gesin (Clarke, Cooksey & Verropoulou, 1998:217; Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:130). 'n Enkelouer-ma kan gestigmatiseer te word as dat sy haar seun die risiko laat loop om homoseksueel te word indien sy hom nie blootstel aan en laat deel uitmaak van volwasse mansverhoudings soos in 'n mentorsverhouding nie (Brenner, 1984:27). Identiteitsverwarring word vererger en 'n behoefte aan beide ouers word ook nie in 'n enkelouer-gesin vervul nie.

Kinders

Zastrow en Kirst-Ashman (2004:289) verwys daarna dat ongeveer 92% van alle volwassenes in die huwelik tree, van wie 90% kinders sal hê. Kinders in die gesin plaas 'n groot verantwoordelikheid op die ouers rakende die fisieke, emosionele en geestelike behoeftes van die kind (Strong, DeVault & Sayad, 1998:330). Volgens Maslow (Rathus, 2005:367) se behoeftehiërargie is die ouers daarvoor verantwoordelik om die kind by te staan tot ten minste op die derde hiërargievlak, naamlik die liefdes- en aanvaardingsvlak. Dit sluit die eerste twee vlakke, naamlik basiese en sekuriteitsbehoeftes, in.

Vaderskap

Internasionaal is daar min geskryf oor mans se persepsie van vaderskap, en nog minder in Suid-Afrika

(Morrell & Richter, 2006:5). Daar bestaan 'n leemte in die wetenskaplike literatuur rakende die onderwerp van vaderskap en die rol van die vader in die nuwe vorm van die gesinsisteem. Die leemte word groter as in gedagte gehou word dat daar eers onlangs begin is met navorsing rakende die invloed van 'n vader op die lewe van sy kind (Clarke *et al.*, 1998:217).

As gevolg van faktore soos onder andere samelewingsfaktore in die praktyk, het die rol van mans in die lewe van hulle kinders verander. Die verantwoordelikheid teenoor kinders het ook verander, en dit tree op die voorgrond in die vorm van betaling van onderhoud na 'n egskeiding. 'n Opname in Umlazi, Durban, het egter getoon dat slegs 7 000 van die 67 000 mense wat deur die hof gelas is om onderhoud te betaal, hierdie verpligting nagekom het (Morrell & Richter, 2006:5). Die meerderheid persone wat onderhoud moes betaal, was mans.

Verandering van gesinsrolle

Mans is nie noodwendig meer die primêre broodwinner in die gesin nie, en die vrou se rol in die huis en op korporatiewe terreine het verander. Feministe glo egter dat mans 'n luukse in die gesin is (Erickson, 1996:39). Die vrou se vooruitgang in die korporatiewe wêreld en die afskaling van mans in hoër bestuursposte het 'n verandering in die gesinsisteem teweeg gebring. Dit het die moontlike gevolg dat vaderskap op die agtergrond geskuif word weens die kompetisie wat tussen die man en die vrou heers. Daar word dus meer gefokus op die beroepswêreld as op die gesin. Vroue begin oorheers, en mans is meer geneig om aan hulle rolle te onttrek. Hierdie tendens is nie alleen in Suid-Afrika sigbaar nie, maar ook internasionaal.

Die toename in infektering met MIV en Vigs onder ouers plaas die seun in sy laat-middelkinderjare in die posisie dat hy van jongs af reeds groot verantwoordelikhede moet aanvaar, soos die versorging van sy gesin.

Die afwesige vader

'n Vader is die natuurlike rolmodel van sy seun (Erickson, 1996:38; Warren, 1998:102): die persoon by wie die seun sosiale vaardighede, manlikheid en goeie karaktereienskappe moet aanleer. Verskeie omstandighede het egter aanleiding daartoe gegee dat dit nie meer die geval is nie. Volgens Posel en Devey (2006:48) was die vader afwesig in 51.1% van alle gesinne in Suid-Afrika in 1998, waarvan slegs 8.4% gesinne was waar die vader gesterf het. Die afwesige vader kan fisies of emosioneel afwesig wees. Clarke *et al.* (1998:217) is van mening dat kinders wat buite die eg gebore is, 'n groter kans staan om 'n afwesige vader te hê.

Studies in die Verenigde State van Amerika en Brittanje rakende afwesige vaders het bevind dat kinders uit gebroke gesinsisteme slegs vier jaar van hulle kinderjare by die vader deurgebring het (Clarke *et al.*, 1998:225). In die Verenigde State van Amerika bly slegs 'n derde van die kinders nog by hulle biologiese vader (Wineburgh, 2000:255). Dit sluit gesinne in waar die vader en moeder steeds in die huwelik bevestig is asook enkelvaders. Die vader kan daarom die afwesige figuur vir die seun word as gevolg van die kort tyd wat die vader aan die lewe van sy seun bestee.

LaRossa (1998:456) en Erickson (1996:39) meen dat die afwesige vader toegeskryf moet word aan 'n kultuurverandering. Die tradisionele beeld van die vader as broodwinner het meegebring dat die samelewing vaders genoodsaak het om in die materiële behoeftes van die gesin te voorsien, maar hierdie klem op die broodwinningsrol het daartoe gelei dat vaders afwesig geword het. Erikson (1996:39) is van mening dat seuns wat met 'n afwesige vader grootword, 'n vaderhonger beleef – 'n ernstige soeke na 'n vader. Gurian (1998:50) meen dat die invloed van die afwesige vader wesenlik die oorsaak is van alle maatskaplike probleme. Gesien in die lig van die voorafgaande, kan die afwesigheid van die vader oorwegend aan die volgende redes toegeskryf word.

Afwesig weens dood

Die afsterwe van 'n vader, sy dit natuurlik, weens selfmoord of 'n marteldood, laat 'n leemte in die gesin. Volgens Posel en Devey (2006:48) was 8.4% van alle kinders in Suid-Afrika in 1998 vaderloos weens die afsterwe van die biologiese vader. 'n Seun verwerk die afsterwe van 'n vader makliker as die afwesigheid van 'n vader, omdat ander faktore daarby betrokke is (Erickson, 1996:47; Lang & Zagorsky, 2001:268). Wat die afsterwe van 'n ouer anders maak as verlies deur egskeiding, is dat die seun in die proses

rousmartbegeleiding moet ontvang en dat die vader nie weer met die seun kontak kan maak nie. Die seun het tyd nodig om te rou oor die verlies van sy natuurlike mentor, sy vader (Brenner, 1984:43). Die gevolge wat die leemte van die afwesige vader weens afsterwe by die seun laat, is in die Verenigde State van Amerika ondersoek. Die bevindings toon dat 'n seun wie se biologiese vader wat by die gesin ingewoon het en afgesterf het, se kans groter is om ongetroud te bly as dié van 'n seun wat nie deur die afsterwe van 'n vader getraumatiseer is nie (Lang & Zagorsky, 2001:272).

Afwesig weens onbekendheid

Die vader is afwesig in die lewe van die seun indien die identiteit van die vader onbekend is aan die biologiese moeder of aan die seun self. Hierdie onbekendheid van die biologiese vader kan die gevolg wees van die verkragting van die biologiese moeder of die dood van die biologiese vader tydens die moeder se swangerskap. Dieselfde situasie ontstaan wanneer die seun baie jonk was toe die vader uit sy lewe verdwyn het en hy die vader nooit geken het nie. 'n Surrogaatvader word ook volgens Erickson (1996:43) en Nel (2004:14) as 'n afwesige vader beskou, aangesien die identiteit van die vader onbekend is.

Afwesig weens egskeiding

In die Verenigde State van Amerika eindig 50% van alle huwelike in 'n egskeiding (Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:331), en dit bring groot verwarring, onsekerheid en 'n gebrek aan vertroue by die seun mee. In die geval van die meeste egskeidings word die kinders in die moeder se sorg gelaat (Havenga, 2002:68). Die vader van die kinders beleef soms tydens 'n egskeiding dat hierdie skeiding nie net tussen hom en sy vrou plaasvind nie, maar ook tussen hom en sy kinders en dat, soos hy nie meer betrokke is by die lewe van sy vrou nie, hy ook nie meer betrokke hoef te wees by die lewe van sy kinders nie (Erickson, 1996:40). Gevolglik skakel dit die rol van die vader uit en dit verskuif of verander die rol van die vader binne die gesinsisteem.

Die seun in sy laat-middelkinderjare is besig om na onafhanklikheid te beweeg en om sy eie identiteit te vorm, maar met 'n egskeiding word hy psigologies getraumatiseer en ontwikkel hy 'n drang na sy moeder se sorg en liefde weens die afwesigheid van die vader. Terselfdertyd beleef die seun 'n inherente behoefte aan onafhanklikheid, en dit bring mee dat die seun hom van feitlik alle volwassenes distansieer (Gurian, 1998:49).

Afwesig weens samelewingsfaktore

Samelewingsfaktore soos werkloosheid en vaders wat elders vir 'n inkomste werk, bring ook mee dat die vader in die gesin afwesig is en dat die moeder soms die kinders as enkelouer moet grootmaak (Wilson, 2006:26). Korrektiewe aanhouding kan ook hier 'n rol speel, en Hairston (1998:617) wys daarop dat die vader in die gevangenis dieselfde drome en aspirasies vir sy kinders het as mense wat nie in korrektiewe aanhouding is nie. Aangesien die vader as gevolg van gevangenisstraf nie meer voltyds by die gesin inwoon nie, kan die kinders die vader as afwesig beleef. Nog 'n samelewingsfaktor wat tot die afwesigheid van die vader kan lei, hou verband met skoolkoshuisinwoning.

Afwesig weens onbetrokkenheid/emosionele afwesigheid

In teenstelling met egskeidings, waar die vader as afwesig beleef word, is daar gevalle waar die vader steeds inwoon, maar nie aktief is in sy seun se lewe nie. Die vader is dus emosioneel afwesig (Erickson, 1996:44; Nel, 2004:14). Volgens navorsing bring die vader in die gesin minder as 15 minute per dag saam met sy kinders deur weens werklading en 'n besige leefwyse (Viall, 2003:11). 'n Vader wat sy kinders op enige manier mishandel, word ook deur die seun as 'n emosioneel afwesige vader beleef (Erickson, 1996:50).

Gevolge van die afwesige vader op die seun

Die afwesige ouer, met die klem op die vader, het 'n onmiskenbare uitwerking op die seun in sy laat-middelkinderjare. Seuns word erger as dogters geraak deur die afwesige vader, en mans wat met 'n afwesige vader grootgeword het, is meer geneig tot 'n swak selfbeeld (Erickson, 1996:38). Die gevolge van 'n afwesige vader word aan die hand van die volgende aspekte bespreek:

Fisiese gevolge

In gevalle waar die seun die broodwinner en versorger van die gesin moet word, beleef die kind meer as die normale spanning. Norton (1998:575) wys daarop dat die grootste stressor in die mens se lewe die dood van 'n eggenoot is. Hieruit kan afgelei word dat die afwesigheid van 'n vader wat, soos die dood, ook 'n verandering in die gesinsisteem meebring, spanning by die seun laat ontstaan. Die afwesige vader kan nie die behoeftes van die seun vervul nie. Dit kan 'n rede wees waarom 'n seun met 'n afwesige vader meer geneig is om te rebelleer, laer akademiese prestasies te behaal en depressief te word (Anon, 2003:11; Erickson, 1996:39; Gulati & Singh, 1987:26; Lang & Zagorsky, 2001:254; Richter, 2006:59; Warren, 1998:102).

Psigologiese gevolge

Anon (2003:11), Erickson (1996:39), Gulati & Singh (1987:26), Warren, (1998:102), Lang en Zagorsky (2001:254) en Richter (2006:59) is dit met mekaar eens dat die seun wat in 'n gesin met 'n afwesige vader grootword, emosioneel meer onstabiel is. Volgens Morrell en Richter (2006:6) is daar talle kinders wat sonder 'n vaderfiguur grootword, en dit maak hulle meer vatbaar vir negatiewe invloede, wat op hul beurt psigologiese gevolge kan inhou.

Maatskaplike gevolge

Navorsing wat al so vroeg as in 1965 deur Hetherington in Wes-Virginia gedoen is, het bevind dat seuns met 'n afwesige vader meer gewelddadig, fisies aggressief en ongehoorsaam is (Adams, Milner & Schrepf, 1984:157; Gulati & Singh, 1987:26). In later jare het Gulati en Singh navorsing gedoen rakende die uitwerking van die afwesige vader in die lewe van skoolgaande seuns en dogters. In die studie is na die afwesige vader verwys as iemand wat gesterf het, en daar is bevind dat die maatskaplike milieu van die seun met 'n afwesige vader meer beperk is as dié van die seun met 'n teenwoordige vader (Gulati & Singh, 1987:26, 221). Verdere studies toon dat die seun met 'n afwesige vader 'n groter kans staan om werkloos te wees en ook self onbetrokke te wees by die lewe van sy eie kinders (Erickson, 1996:40; Wineburgh, 2000:255) – sodoende vind 'n herhaling plaas van die bose kringloop wat ontstaan as gevolg van die afwesige vader.

Mentorskap

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die seun in sy laat-middelkinderjare 'n behoefte het aan 'n vaderfiguur. Samelewings- en/of ander faktore het veroorsaak dat die biologiese vader van die seun nie meer in hierdie behoefte van die seun kan voorsien nie. Daar moet dus na 'n alternatief gekyk word – na 'n persoon wat direk by die seun betrokke kan raak, 'n direkte invloed op die seun se lewe kan hê en wat in die behoeftes van die seun kan voorsien. Die alternatief vir hierdie vaderfiguur is 'n mentor.

Beskrywing van 'n mentor

Hendricks en Hendricks (1995:18) beskryf 'n mentor soos volg: "Mentors look inside us and find the man we long to be. Then they help to bring that man to life. At their best, mentors nurture our souls. They shape our character. They call us to become complete men, whole men, and, by the grace of God, holy men." Johnson en Ridley (2004:xv) beskryf mentorskap as 'n persoonlike verhouding met 'n ouer persoon wat meer ondervinding het. Hierdie mentor dien as voorbeeld, rolmodel en opvoeder vir die jonger persoon en verskaf kennis, advies, berading, ondersteuning en geleenthede aan die jonger persoon. Volgens Ndabazandile (2006:14) is 'n mentor 'n betroubare berader of rigtinggewer, iemand wat invloedryk is, ondervinding het en 'n persoonlike verhouding met die ander persoon aanknoop om hom te help om sy doelwitte te bereik.

In die lig van die voorafgaande blyk dit duidelik dat 'n mentor normaalweg 'n ouer persoon is wat in die jonger persoon glo, die jonger persoon begelei en bemagtig. Die mentor staan in 'n oop en opregte verhouding met die jonger persoon, sodat dié selfvertroue kan ontwikkel, 'n identifiseringsmodel kan hê en 'n lewe van 'n hoër gehalte kan lei.

Die verhoudingskonteks

Die grondliggende idee van die rol van 'n mentor word gesien as ondersteuning en rolmodellering wat hierdie verhouding bied, maar min word gemeld oor die proses wat hierdie veranderinge laat plaasvind.

Hierdie prosesse wat deur die mentor geïmplementeer moet word, is die verbetering van maatskaplike en emosionele welstand, verhoogde kognitiewe vaardighede deur instruksies en kommunikasie en die uitleef van positiewe identiteitsontwikkeling deur middel van rolmodelle en voorspraak (Rhodes, Spencer, Keller, Liang & Noam, 2006:692).

Elke verhouding wat 'n mentor met 'n seun aanknoop, is uniek, en dit is seker een van die belangrikste eienskappe wat in die verhouding sigbaar moet wees. Rhodes *et al.* (2006:696-697) is van mening dat daar bydraende faktore is tot die seun-mentor-verhouding. Hierdie eienskappe is die seun se geskiedenis rakende volwassenes, die gehalte van die mentorverhouding en die duur van die verhouding. Om 'n pad as mentor saam met 'n seun in sy laat-middelkinderjare te stap vereis helder denke, kreatiwiteit en opoffering (Farrar, 2006:31). Brenner (1984:8) het vier eienskappe geïdentifiseer wat 'n volwasse persoon moet kombineer om suksesvol met kinders te kan werk. Hierdie eienskappe word in Tabel 2 uiteengesit.

Tabel 2: Eienskappe vir sukses met kinders

Eienskap	Kennis dra van
Kennis	Wat spanning by die kind veroorsaak. Die kind se coping-meganismes. Verskeie alternatiewe wat toegepas kan word. Statutêre stappe wat gevolg moet word. Beskikbare hulpbronne.
Waardering	Die kind se uitgangspunt. Die kind se keuse ten opsigte van coping-meganisme. Die kompleksiteit van elke kind se situasie. Verstrengelde interaksies.
Vaardighede	Om met kinders te kan werk. Moet gemaklik en warm kan kommunikeer. Moet vertroue kan wen sodat die kind openlik kan gesels.
Selfbewustheid	Die mentor moet bewus wees van sy eie oortuigings en raamwerk. Die mentor moet bewus wees van die kind en sy gesin se oortuigings en raamwerk.

(Aangepas uit Brenner, 1984:8)

Die behoefte aan 'n vaderfiguur vergemaklik die proses van vertroue opbou tussen die seun en die mentor. 'n Vroulike figuur kan ongelukkig nie die rol van 'n mentor vir die seun in sy laat-middelkinderjare vervul nie (Farrar, 2006:13). Dit is die tydperk waarin die seun sy geslagsrol en identiteit deur middel van modellering vorm. Die beste wyse vir rolidentifisering en rolmodellering is deur 'n manspersoon.

Gevolgtrekking

In teenstelling met die tradisionele gesinsisteem, waar die gesin uit 'n vader, moeder en ten minste een kind bestaan, staan die seun vandag voor die uitdaging van nuwe vorms van gesinsisteme. Die moontlikheid dat die gesinsisteem die vader as emosioneel en fisies afwesig gaan beleef, is baie groot.

Die komplekse belewing wat die seun in sy laat-middelkinderjare met betrekking tot liggaamlike, kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling ervaar, dra by tot die identiteitsverwarring wat die seun tydens hierdie lewensfase beleef. Seker een van die grootste leemtes wat seuns beleef, en wat nie in ons kultuur verreken word nie, is die behoefte aan persoonlike aandag, 'n een-tot-een-verhouding wat nie net verbaal gedrewe is nie. Die seun in sy laat-middelkinderjare wat 'n afwesige vader of outoritêre ouers het is meer geneig tot laer maatskaplike funksionering. Hierdie belewinge van die seun in sy laat-middelkinderjare dra by tot die hunkering na 'n vader-figuur of 'n mentor.

Indien die seun 'n band met 'n mentor het – iemand wat hom aanvaar vir wie hy is – het die seun nie nodig om die behoefte aan aanvaarding te bevredig deur negatiewe moontlikhede wat die samelewing hom bied nie. Gurian (1998:71) is van mening dat die seun wat 'n span mense het wat hom ondersteun voordat hy adolessensie betree, die druk van adolessensie beter gaan hanteer en meer emosioneel gereed gaan wees vir die aanslae van adolessensie. So 'n ondersteuningsnetwerk van ouer mans vir die seun kan die seun in

staat stel tot verhoogde maatskaplike funksionering.

Samevatting

In hierdie artikel is daar gefokus op die leemte wat veroorsaak word deur die afwesige vader by die seun in sy laat-middelkinderjare. Voordat die leemte egter onder die soeklig geplaas is, is daar gefokus op die seun in sy laat-middelkinderjare en die veranderende gesinsisteme, en daarna is op die afwesige vader en die uitwerking daarvan op die seun gefokus. Daar is voorts aandag gegee aan 'n alternatief – 'n moontlike oplossing vir die leemte wat deur die afwesige vader gelaat word. Die alternatief wat ondersoek is, is 'n mentor.

Die seun in sy laat-middelkinderjare is op soek na sy eie identiteit, en na aanvaarding deur sy ouers en deur sy portuurgroep. Die biologiese vader wat die natuurlike rolmodel en mentor van die seun moet wees, is in vandag se samelewing uiters skaars. Vaders kom in baie gevalle nie meer hulle verantwoordelikhede ten opsigte van hulle kinders op alle terreine na nie, en word meestal slegs beskou as 'n bron van inkomste. Tradisies in die Afrikaanse kultuur waarvolgens die vader slegs die broodwinner en die moeder die versorger is, tesame met die politieke veranderinge as gevolg waarvan die vrou die rol van die man begin oorneem, plaas die man op die agtergrond. Die man op sigself begin hom aan die samelewing onttrek of begin met die vrou kompeteer ten koste van sy gesin. In hierdie ongeskrewe oorlog trek die kinders aan die kortste ent en kan hulle begin uitreik na 'n persoon buite die gesin vir ondersteuning en hulp – 'n mentor.

Bibliografie

ADAMS, P.L., MILNER, J.R. & SCHREPF, N.A. 1983. Fatherless children. New York: John Wiley & Sons, Inc.

ANON. 2003. Dads vital to success of kids in later life. *Cape Argus:* 11, 19 Feb. Available: SA Media. Date of access: 1 Dec. 2006.

BRENNER, A. 1984. Helping children cope with stress. Toronto: D.C. Heath and Company.

CLARK, L., COOKSEY, E.C. & VERROPOULOU, G. 1998. Fathers and absent fathers: socio-demographic similarities in Britain and the United States. *Demography – Men in Families,* 35(2):217-228, May. Available: Google Scholar. Date of access: 20 Nov. 2006.

CONNELL, R.W. 2005. Growing up masculine: rethinking the significance of adolescence in the making of masculinities. *Irish Journal of Sociology,* 14(2):11-28.

COREY, M.S. & COREY, G. 2007. Becoming a helper. 5th ed. Belmont: Thomson, Brooks/Cole.

DE BRUYN, P.J. 1989. Die gesin: Wat sê die Bybel daarvan? Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling – M.A.)

ERICKSON, B.M. 1996. Men's unresolved father hunger: intervention and primary prevention. *Journal of Family Psychotherapy,* 7(4):37-62.

FARRAR, S. 2006. Mentoring boys: what every son wants and needs from his father. Vereeniging: Christian Art publications.

FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 71-85.)

GULATI, J.K. & SINGH, M.B. 1987. Effect of father's absence on personality development of school age children. *Indian Psychological Review,* 32(5-6):20-27.

GURIAN, M. 1998. A fine young man: what parents, mentors and educators can do to shape adolescent boys into exceptional men. New York: Penguin Putnam.

HAIRSTON, C.F. 1998. The forgotten parent: Understanding the forces that influence incarcerated fathers' relationships with their children. *Child Welfare,* 77(5):617-640. Beskikbaar/Available: EBSCOHost. Date of access: 29 Mar. 2006.

HAVENGA, A.S. 2002. Maatskaplike intervensie in die instandhouding van die vader-kind-verhouding na egskeiding. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling – M.A.)

HENDRICKS, H. & HENDRICKS, W. 1995. As Iron sharpens iron: building character in a mentoring relationship. Chicago: Moody Press.

JANSEN VAN RENSBURG, B.E.J. 2004. Riglyne aan Gestaltspelterapeute vir die hantering van

egskeidingsverlies in die middelkinderjare. Pretoria: UNISA. (Skripsie – MA: Spelterapie).
JOHNSON, W.B. & RIDLEY, R.R. 2004. The elements of mentoring. New York: Palgrave MacMillan.
KOTZE, J. 2004. Graad sewe-leerders van die Wolmer-gemeenskap se persepsies oor hulle toekomsverwagtinge. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Skripsie – MA: Spelterapie).
LANG, K. & ZAGORSKY, J.L. 2001. Does growing up with a parent absent really hurt? *The Journal of Human Resources,* 36(2):253-273, Spring. Available: Google Scholar. Date of access: 22 Jan. 2007.
LAROSSA, R. 1988. Fatherhood and social change. *Family Relations,* 37(4):451-457. Available: Google Scholar. Date of access: 22 Jan. 2007.
LARSON, R. 2006. Positive youth development, wilfulness adolescents, and mentoring. *Journal of Community Psychology,* 34(6):677-689.
LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & FERNS, I. 1998. Die middelkinderjare. (*In* Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., *reds*. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. p. 325-383.)
MEYER, W.F. & VAN EDE, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorieë. (*In* Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., *reds*. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. p. 43-98.)
MORRELL, R. & RICHTER, L. 2006. Introduction. (*In* Richter, L. & Morrell, R., *eds.* Baba: men and fatherhood in South Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 1-12.)
NDABAZANDILE, S. 2006. South Africa needs real mentors. *Saturday Star*: 21 Jan. 14p.
NEETHLING, K., RUTHERFORD, R. & SCHOEMAN, R. 2005. Very smart parents. 2nd ed. Halfway House: Solutionfinding.
NEL, E. 2004. Father-child relationship – dynamics in adolescent chemical dependency. Johannesburg: Rand Afrikaans University. (Dissertation – M Soc-Sc).
NORTON, G. 1998. Stres en streshantering. (*In* Louw, D.A. & Edwards, D.J.A., *reds*. Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2de uitg. Johannesburg: Heinemann. p571-625.)
PAPALIA, D.E., OLDS, S.W. & FELDMAN, R.D. 2006. A child's world: infancy through adolescence. 10th ed. New York: McGraw-Hill.
POSEL, D. & DEVEY, R. 2006. The demographics of fathers in South Africa: an analysis of survey data, 1993-2002. (*In* Richter, L. & Morrell, R., *eds.* Baba: men and fatherhood in South Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 38-52)
QUINN, J. 1999. Where need meets opportunity: youth development programs for early teens. *The Future of Children,* 9(2):96-116, Autumn. Available: Google Scholar. Date of access: 12 Feb. 2007.
RATHUS, S.A. 2005. Psychology: Concepts & connections. 9th ed. Canada: Wadsworth.
RHODES, J.E., SPENCER, R., KELLER, T.E., LIANG, B. & NOAM, G. 2006. A model for the influence of mentoring relationships on youth development. *Journal of Community Psychology,* 34(6):691-707.
RICHTER, L. 2006. The importance of fathering for children. (*In* Richter, L. & Morrell, R., *eds.* Baba: men and fatherhood in South Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 53-69)
RICHTER, L. & SMITH, W. 2006. Children's views of fathers. (*In* Richter, L. & Morrell, R., *eds.* Baba: men and fatherhood in South Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 155-172)
STRONG, B., DEVAULT, C. & SAYAD, B.W. 1998. The marriage and family experience: Intimate relationships in a changing society. 7th ed. Belmont, CA: Wadsworth.
THOM, D.P., LOUW, D.M., VAN EDE, D.M. & FERNS, I. 1998. Adolessensie. (*In* Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., *reds*. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. p. 387-474.)
VAN NIEKERK, E. 1996. Paradigms of mind: Personality perspectives in context. Halfway House: International Thomson Publishing (Southern Africa).
VENTER, H.V. 2004. Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n prakties-teologiese benadering. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. (Verhandeling - M.Th.: Pastoraal).
VIALL, J. 2003. Active not absent, fathers needed. *Cape Argus:* 11, 19 Feb. Available: SA Media. Date of access: 10 Dec. 2006
WARD, E. 2004. Lewensvaardighede vir die laerskoolkind: 'n Gestaltriglyn. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Skripsie - MD: Spelterapie).
WARREN, D.H. 1998. The Fatherbook: a document for therapeutic work with father-absent early adolescent boys. *Child and Adolescent Social Work Journal,* 15(2):101-115, April.

WILSON, F. 2006. On being a father and poor in Southern Africa today. (*In* Richter, L. & Morrell, R., *eds.* Baba: men and fatherhood in South Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 26-37)
WINEBURGH, A.L. 2000. Treatment of children with absent fathers. *Child and Adolescent Social Work Journal,* 17(4):255-273, August.
WINTER, C.M. 2003. Bemagtiging van enkelouerkinders in hulle laat-middelkinderjare in 'n middestad konteks deur gestaltgroepwerk. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – D.Phil.)
ZASTROW, C.H. & KIRST-ASHMAN, K.K. 2004. Understanding human behavior and the social environment. 6th ed. Belmont: Brooks/Cole.